Dalpark NG Kerk

Gevestig in Jesus: Sy volmaakte karakter & sy voltooide werk!

Boekenhoutstraat 22, Brakpan (Koördinate: S26°15.174' E028°19.670') Posbus 3061, Dalview, 1544,
Tel: 011 915 1858, Faks: 011 915 30 47
E-pos: ngdalpark@gmail.com , Webtuiste: www.dalpark.co.za

HERINNERINGSMUUR

Memorandum van ooreenkoms aangegaan en gesluit tussen Dalpark NG Kerk en die koper:

Volle name en van: _____

ID NR. _____ Adres: _____

Dalpark NG Kerk het 'n herinneringsmuur opgerig by die kerkgebou te Boekenhoutstraat 22, Dalpark, Brakpan waarin nisse vir ashouers beskikbaar is. Indien 'n lidmaat van die gemeente belangstel om gebruik te maak van die muur van herinnering, is die gebruiksreg daarvan onderhewig aan die volgende terme en voorwaardes:

1. Die gebruiksreg van die Herinneringsmuur is slegs ter gebruik van gemeentelede, hulle ouers en gemeentelede se kinders. Vorige gemeentelede wat lidmate was het ook gebruiksreg.
2. Die koopprys vir die gebruiksreg van die nis beloop die bedrag van R1250.00 (Eenduisendtweehonderd en vyftigrand). Die bedrag kan jaarliks hersien word vir nuwe kopers.
3. Bogenoemde bedrag sluit die granietplaat in. Die kleur en grote van die plaat moet ooreenstem met die ander plate om eenvormigheid te behou.
4. Die KOPER is geregtig om die nis vir net een persoon te gebruik.
5. Die muur van herinnering het 'n private tuin wat toegesluit word vir die eksklusiewe gebruik van famlilede wat tyd by die herinneringsmuur wil deurbring. U ontvang 'n sleutel van die hek wat tot die tuin/herinneringsmuur lei.
6. Gravering van die granietplaat moet deur die koper/familie self gedoen word. Die koper/familie is self verantwoordelik om die steen te verwyder, die gravering te laat doen – en seker te maak dat die bewoording en spelling korrek is.
7. Die koopprys is betaalbaar by die ondertekening van hierdie ooreenkoms of soos met die Kerkraad ooreengekom en teen die betaling van die koopprys word 'n nis soos vermeld hierin gereserveer vir die gebruik deur die koper.
8. Die Herinneringsmuur sal deur die kerkraad in stand gehou word.
9. Die nis se gebruik is vir 50 jaar van krag. Net die nisse wat ouer as 50 jaar is, en daar nie meer nisse beskikbaar is nie, se as word in een nis geplaas en die persone se naam word op een plaat aangebring.
10. Indien die koper/familie nie meer van die gebruiksreg van die nis wat vir die koper gereserveer is gebruik wil maak nie, sal die kerkraad op skriftelike versoek van die koper die eerste opsie hê om die gebruiksreg van die nis teen die koopprys soos hierin vermeld sonder rente van die koper terug koop.
11. Die koper en/of sy naasbestaandes sal nie geregtig wees om die gebruiksreg in terme hiervan aan enige ander persoon te verkoop, sedeer of oor te dra, sonder die goedkeuring deur die kerkraad nie.

Handtekening Koper: _____ Datum: _____

Handtekening Saakgelastigde: _____ Datum: _____

AS GETUIES:

1. _____
(Namens die Koper)

2. _____
(Namens die Kerkraad)